NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg Jeugkampterrein**: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

**9 September 2022: Nr 32/2022**

## Warmnuus

### Sinodesitting 16-20 Oktober

**MAAK DIE FAMILIEFEES NOG GROTER**

Gemeentes word aangemoedig om gemeentelede na die sinode-sitting te stuur indien daar nie genoeg kerkraadslede is wat dit van 16-20 Oktober kan bywoon nie. (Sien by *Sinodenuus* hieronder die berig wat verlede week verskyn het.)

Dit beteken dat indien 'n gemeente drie predikante het, maar daar is net een kerkraadslid wat kan gaan, dat hulle twee gemeentelede as waarnemers kan stuur om hulle afvaardiging voltallig te maak.

Kontak asb. die Sinodehuis as daar enige onduidelikheid is. Gemeentes wat van hierdie aanbod gebruik wil maak, kan nog tot **Maandag 19 September** vir Hermien kontak (hermien@noordsin.co.za).

## Sinodenuus

### Sinodesitting

[**Kliek hier** vir die volledige inligting tot op hede]

**MEER MENSE KAN BYWOON**

'n Gemeente wiese afvaardiging nie voltallig is nie, word genooi om die afvaardiging met lidmate aan te vul. Dit hoef dus nie kerkraadslede te wees nie! So 'n lidmaat sal dan die sinodesitting as waarnemer bywoon. Die persoon sal dus saam met ander afgevaardigdes aan tafel sit en ten volle aan alle gesprekke kan deelneem, maar net nie stemreg hê nie.

Dit beteken dat meer mense die binnewerking van die Noordelike Sinode eerstehands kan ervaar, na sprekers kan luister, saam in die Woord kan delf, saam kan dink oor die tema "Wysheid in 'n tyd soos hierdie" en planne kan maak oor die pad vorentoe. Die koste sal net soos dié van 'n gewone afgevaardigde bereken word.
Gemeentes word gevra om indien moontlik voor 12 September vir Hermien by die Sinodehuis te kontak.

### Diensleraars

**Handleiding**

Dié handleiding vir diensleraars moet in samehang met Kerkorde artikels 4 en 5, asook reglemente 11,12,13,19 en 20, en ander toepaslike besluite van die Algemene Sinode gelees word. Na aanleiding van navrae of diensleraars kan aansoek doen om as huweliksbevestigers te registreer word, word hulle verwys na die handleiding [kliek hier] en veral na **punt 4.8**.

## ❖ Lentekonferensie

**20-22 September**
**Vir meer inligting: Kliek hier. Om in te skryf [Kliek hier].**
**Navrae**: Kontak Rika by excelsus@up.ac.za.

## ❖ Tekslees met 'n verskil

*13 September*
**Skriflesing:** Jeremia 8
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir Fanie Cronjé (083 415 1452).
**Zoom Meeting**: Kliek hier;
**Meeting ID**: 893 2812 9709; **Password**: 804290

## ❖ Skoolverwisselingskamp

**Aandag alle graad 7's: 3-7 Oktober op Badseloop (Naboomspruit)**
Aangebied deur die NG Kerk se Ring van Pietpotgietersrus. **Alle gemeentes in die Noordelike Sinode se graad 7's is welkom!**
* Aangeheg is 'n ***advertensie*** rondom die kamp. [Kliek hier]
* Die ***inskrywingsvorm***. [Kliek hier]
* Daar is ook 'n inskrywingsvorm op *Google forms*. [Kliek hier]
* 'n ***Kampvideo*** is ook beskikbaar op aanvraag.
**Navrae**: Anita Hurn: 083 297 5471 / 015 491 3537 / hurnanita@gmail.com.

# Kollega- en ander personeelnuus

## ❖ Geluk

**Gustav Claassen (**Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk en ook gekoppel aan die Gemeente Pretoria-Oos), is vandeesweek verkies tot lid van die sentrale komitee van die Wêreldraad van Kerke. Die komitee bestaan uit 150 persone, waarvan 30 uit Afrika afkomstig is. Die komitee is deur die afgevaardigdes verkies vir 'n termyn van vier jaar en sal elke twee jaar ontmoet. Die sentrale komitee het 'n mandaat om namens die WRK besluite te neem en is daarvoor verantwoordelik om die beleids-besluite van die WRK te implementeer. [Kliek hier om die artikel in die Kerkbode te lees]

## ❖ Beroep/Bevestiging

<<< **Anuschka Smit** [Oberholzer in Carletonville] is na Universiteitsoord beroep as Studenteleraar.

>>> **Natalie-Ann van Blerk** het die beroep na Mootvallei aanvaar en word op Sondag, *11 September* tydens die oggenddiens bevestig.

## ❖ Verjaarsdagwense

14/09 Nic Ackermann [Emeritus]
15/09 Otto Clasen [Warmbad]
---
15/09 Hannelie Otto [Eggenote van Otto Clasen, Warmbad]
Martie Pelser [Eggenote van Willem Pelser, Koedoeskop]
17/09 Alta Swart [Eggenote van Alkmaar Swart, Magalieskruin]

# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae

Krokodilrivier [16/09/1914]
Soutpansberg [11/09/1954]

## ❖ Doornpoort

### Inhuldiging van Piet Viljoen-Lokaal

Op 28 Augustus het die gemeente die voorreg gehad om die *Pieter Viljoen-lokaal* in te huldig. Die Viljoen-familie was teenwoordig tydens die geleentheid. Die bewoording op die gedenkplaat was:

*Romeine 8:1 - Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie"*
*In liefdevolle herinneringe aan Ds Pieter Viljoen*
*14-06-1955 – 25-08-2021"*

## ❖ Universiteitsoord

### Greenleaf

*Borg 'n inspirasie, 'n droom, lewensvaardighede vir 'n student of tiener as deel van 'n lewensveranderende Christelike kamp.* Stuur jou huishulp/tuinwerker se kind (16 jaar en ouer) op 'n heerlike kamp en skenk hulle 'n wonderlike geestelike ervaring en groei vir slegs R300. Jy kan ook 'n donasie gee om studente of tieners wat nie aan jou bekend is nie te borg. Die kamp is werklik lewensveranderend! **Wanneer**: *16-19 September*; **Waar**: Altelekker-Jeugkampterrein;
**Vir meer inligting of navrae**: charlotte.sibanyoni@up.ac.za.

## ❖ Daspoort

### Eeufees 22 Oktober

*21 Oktober*: Daspoort Jeugaand

*22 Oktober*: Daspoort Feesaand [18:00-21:00] Gaskunstenaar: ***Germandt Geldenhuys*** – Beperkte sitplekke! R100 - Besprekings slegs WhatsApp: 083 462 6958 of 012-379 3848 gedurende kantoorure

*23 Oktober*: Daspoort Feesdiens [9:00-10:00] NG Daspoort – Navrae: 012-379 3848

# Toerusting

## ❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Volledige jaarprogram vir 2022**
**Navrae:** Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

### Seminaar oor Missiologie: Mission as Reconciliation: Aangebied deur die 5de jaar studente.

Ons nooi julle graag uit na die seminaar "Mission and Reconciliation" wat aangebied word op Maandag *12 September* van 12:30 - 14:30 in kamer 2.10 by die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van Pretoria.
* Stuur asseblief 'n epos vir Prof Maniraj Sukdaven by maniraj.sukdaven@up.ac.za indien jy dié geleentheid wil bywoon, sodat toegang voor die aanvang van die geleentheid gereël kan word.

### Psychological First-Aid workshop

*Hijackings! Armed robberies! Motor vehicle accidents! Suicide! Murder!*
Five weekly, on-line, 2 hour sessions – *19 September to 17 October 2022* [11:00 – 13:00] RSVP before *10 September*.
VBO punte: 10 punte word toegeken vir deelname. Om in te skryf stuur asseblief 'n boodskap na resilience@adept.co.za of kontak dr Renée by 082 578 5485. [**Kliek hier** vir die volledige advertensie]

### Crisis and Trauma Support

*3-5 October* - This is a short, three full days intensive and interactive University of Pretoria short course to prepare volunteers interested in counselling, church ministers, community leaders, teachers, and other caregivers to deal with the effects of crisis and trauma. **Registration: C**omplete the form on the link http://www.elehos.co.za/courses. Contact Elize at 083 234 9806 or elize@elehos.co.za if you want more detail. [**Kliek hier** vir die volledige advertensie]

### Mirrors and Windows: Reflecting on the Reformed Tradition Today

*17 – 19 Oktober* - Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch - Met bydraes deur Jerry Pillay, Dirkie Smit (aanlyn), Rothney Tshaka, Robert Vosloo, Natie Philander, Nadia Marais, Tim Hartman (aanlyn), Lisel Joubert, Sipho Mahokoto, Ernst Conradie en Coenie Burger – tesame met 'n verdere **40+** aanbiedings oor gereformeerde teologie en bedieningspraktyk – beloof hierdie om 'n inspirerende byeenkoms te wees. **Om te registreer** en na die konferensieprogram te kyk, besoek gerus die webtuiste: www.mirrorsandwindows.info. Registrasie sluit op *7 Oktober*.

**Vir meer inligting** kontak Marnus Havenga (marnush@sun.ac.za) of Bridget Leibbrandt (bleibbrandt@sun.ac.za)

### Jeugbediening (gevorderde kursus)

Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP.
*14 – 17 November 2022*; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023* [**Kliek hier** vir volledige inligting]

## Ander nuus

### ❖ Testamente-week: *12-16 September*

#### Bybel-Media: Is jou lewenslêer in orde?

Dis al weer testamente tyd. Moenie bekommer nie! Ons is hier om dit vir jou so maklik moontlik te maak. Vir gemoedsrus dat jou papierwerk uitgesorteer is, **kliek hier** en volg hierdie drie wenke ...

#### Christelike Lektuurfonds (CLF): 'n Blywende nalatenskap

Ons wil almal 'n blywende nalatenskap nalaat. 'n Erfenis waar ons laaste wense vervul word. Die bou en beskerming van jou nalatenskap vereis dat jy 'n aktiewe rol moet speel om te verseker dat jou wense nie verlore gaan nie. Om 'n geldige testament te hê wat duidelik aandui wat met jou bates moet gebeur ná jou dood is die enigste manier om te verseker dat jy die blywende nalatenskap waarvoor jy gewerk het, agterlaat. [**Kliek hier** en lees verder].

### ❖ Vakatures

**Kerkbode Vakatures:** **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

#### Overkruin

**Voltydse medeleraarspos**
Die gemeente is geleë noord van die Magaliesberg in Wonderboom, Pretoria met ongeveer 1 400 belydende en 200 dooplidmate. Ons nooi gelegitimeerdes van gereformeerde verband uit om aansoek te doen vir 'n voltydse mede-leraarspos. **Kliek hier** vir die inligting. Diensaanvaarding: *1 Januarie 2023* of so spoedig moontlik daarna.
Stuur asb aansoeke elektronies voor of op *30 September* aan: die Skriba, deofaverenaomi@gmail.com.

#### Sanddrift

**Voltydse leraarspos**
Die gemeente is 'n plattelandse gemeente so ±25 km vanaf Brits, op die R511-roete na Thabazimbi (GPS: S25 27'53.6 sec, E27 40'42.0 sec). Die pragtige groot kerkgebou en kerkterrein met ruim pastorie is geleë tussen die plase van die boeregemeenskap met die Krokodilrivier wat ±3 km daarvandaan deur die distrik vloei. **Kliek hier** vir die inligting.
Sluitingsdatum vir aansoeke: *30 September*.

#### Harmonie Park

**Boekhouerpos** – **Kliek hier** vir die inligting. Sluitingsdatum: *23 September.* Navrae: admin@harmoniepark.co.za

## Naskrif